# Genesis en teologie. ’n Antwoord op Nico Vorster se siening van Genesis 1-3 as polemiese teologie

***Henk G. Stoker***
***Eenheid vir Reformatoriese Teologie***
***Fakulteit Teologie***
***Noordwes-Universiteit***
***POTCHEFSTROOM***

***stokers@mweb.co.za***

**Synopsis**

*From a reformed dogmatic and apologetic viewpoint, this article investigates the new understanding of Genesis 1-3 as theological material with a polemic and prophetic purpose. This is what dr Nico Vorster wants to bring into the catechism classes and other work of the Reformed churches. Critical questions are being asked about issues such as Voster’s view of science; also the measure that determines what is historical and what is mythical, as well as his assumptions about Biblical history and antique creation stories. Voster’s view is being judged according to the claims of the Scripture and the reformed confession and hermeneutics. This article comes to the conclusion that the questions that Vorster poses the text of Genesis 1-3, that do not come directly from the text itself, causes him to, unlawfully, find answers that changes the context and content from what is really written in the first chapters of the Bible.*

## 1. Agtergrond

In 2009 verskyn ’n artikel van Nico Vorster in *In die Skriflig*, waarin hy ’n nuwe verstaan van dele van die Skrif in die GKSA wil inlui (Vorster, 2009:115). Reeds uit die opskrif en opsomming van sy artikel (Vorster, 2009:95) is dit duidelik dat hy die keuse maak om “Genesis 1-3 as teologiese stof met ’n polemiese en profetiese gerigtheid” te lees. Aangesien hy hierdie deel van die Bybel nie as historiese stof in die gewone sin van die woord wil hanteer nie, verreken hy daarna

“die implikasies hiervan vir die Gereformeerde leer oor die erfsonde”. Hy pleit dat die Skrifgedeeltes wat as geskiedkundige stof in die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en ander kerke hanteer word, in lyn met sy denke, nie meer soos dit daar staan as historiese weergawes aan die kinders gebied moet word nie (Vorster, 2009:115).

In hierdie artikel word die sienings van Vorster (2009) vanuit die gereformeerde dogmatiek en apologetiek ondersoek.

## 2. Vorster se siening oor Genesis 1-3

### *2.1 Genesis 1-3 as nie-historiese gedemitologiseerde en gesuiwerde Ou Oosterse skeppingsmites*

Vorster gaan van die standpunt uit dat die skeppingsleer nuwe prominensie in die dogmatiek geniet, veral omdat natuurwetenskaplike uitvindings volgens hom, klassieke histories-letterlike verklarings van Genesis 1-3 as agtergehaal bewys het (2009:96). Daarom sien hy dit as nodig dat daar ’n hernieude besinning oor die boodskap van Genesis 1-3 kom.

In sy argumentasie neem Vorster as uitgangspunt dat ’n histories-letterlike benadering van Skrifverklaring die Bybel ongeloofbaar maak, omdat dit die Bybel in konflik met bewese wetenskaplike feite sou bring. Die wetenskap het byvoorbeeld reeds bewys dat die aarde biljoene jare oud is, terwyl fossiele van diere gevind is wat ook miljoene jare oud is (Vorster, 2009:97). Die implikasie van ’n histories-letterlike benadering is, volgens hom, dat die geosentriese wêreldbeeld wat in Genesis 1:6-8 en die res van die Skrif sou voorkom, noodwendig as waar en normatief bindend beskou moet word (Vorster, 2009:98).

Vorster (2009:99) wys op die ryke variasie van materiaal wat in die Bybel oor die skepping gevind word. Hierdie materiaal is egter geensins sistematies van aard nie, en stem volgens hom nie altyd wat feite betref ooreen nie. Hy oordeel dat die verskille tussen Genesis 1 en 2 hiervan ’n voorbeeld is, want die skeppings-weergawe wat in Genesis 2 genoem word, is volgens hom “onversoenbaar met Genesis 1”. Dit sou nie net ’n nadere verduideliking wees van dit wat in Genesis 1 gegee word, soos diegene wat dit lees as geskiedenis in die gewone sin dit sien, nie. As dit as letterlike geskiedenis gesien word sou, volgens Vorster (2009:99), “noodwendig afgelei moet word dat hierdie verhale teenstrydig is”. Vir hierdie siening beroep Vorster hom op Barth (vgl. Barth, 1958:80, soos aangehaal deur Vorster, 2009:99). Hy sê ook dat hy inhoudelike teenstrydighede tussen die Genesis-verhale en die weergawe daarvan in die profetiese dele van die Bybel sou kon aantoon. Hierdie argumentasie bring Vorster by die vraag uit: “Waarom het die samestellers van die boek Genesis twee skeppingsberigte wat ooglopende

teenstrydige feite bevat langs mekaar geplaas? Waarom het hulle nie die twee weergawes probeer harmonieer nie?" Hy kom dan by die antwoord uit dat die redigeerders duidelik besef het dat die twee verhale hulle self nie as histories-letterlike stof voordoen nie, maar dat hulle eenheid, ondanks al die teenstrydighede, op 'n teologiese vlak moes lê (Vorster, 2009:99).

Waar kom hierdie skeppingsverhale, wat vandag deel van die Bybel is, maar mekaar volgens Vorster duidelik weerspreek, dan vandaan? Die oorsprong van die Bybelse skeppingsverhale is volgens hom nie net die Babiloniese skeppingsverhale nie, maar "'n hele tradisie van skeppingsmites wat oor duisende jare in die Ou Nabye Ooste ontwikkel het". Hy wys verder daarop dat "die skeppingsverhale mitologiese beelde gebruik wat in die Antieke Ooste in omloop was", maar self nie mites is nie (Vorster, 2009:100). Die redigeerders van Genesis het, volgens hom, "demitologiserend en suiwerend met antieke Oosterse skeppingsmites" omgegaan. "Antieke sienings van die skepping word gedemitologiseer en in 'n teologiese verhouding gebring" (Vorster, 2009:101).

Hierdie siening van die Bybelse skeppingsverhale as sou dit gedemitologiseerde en gesuiwerde Ou Nabye Oosterse skeppingsmites wees, verklaar dan vir Vorster waarom daar "sterk ooreenkomste tussen Genesis 1-3 en die Babiloniese skeppingsverhale" is (Vorster, 2009:102). Genesis 1-3 sou dan krities-polemiese stof wees "wat 'n korreksie bied op die Babiloniese skeppingsverhale". Hy vra dan ook dat dele van Genesis 1-3 en spesifiek Genesis 3 "figuurlik verklaar moet word". Hy meen dat historiese werklikhede in die skeppingsverhale in poëtiese, kunsprosaïese en paraboliese genres verpak word (Vorster, 2009:102). Om te verduidelik hoe hy die historiese dimensie van die verhale sien, trek Vorster vir Barth (1958:78-79) nader, wat die skeppingsverhale 'nie-historiese' geskiedenis noem. Vorster wil hom ook (sekondêr) op Calvyn en Luther beroep. Hy verwys hiervoor na Berkhof (1986:162) wat van oordeel was dat Calvyn en Luther die eerste teoloë was wat "benadruk het dat die skeppingsverhale as teologiese stof gelees moet word, en nie as stof wat vir ons kosmologiese kennis gee nie". So sou Calvyn byvoorbeeld daarop wys dat die skeppingsverhale handel oor kennis van God en nie oor die struktuur van die wêreld nie (Vorster, 2009:103).

Vorster is ook van mening dat sy siening nie met die belydenisskrifte in stryd is nie. Hy interpreteer Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) artikel 2 as sou dit "nadruklik" verklaar dat die Skrif ons bloot "leer dit wat ons vir ons saligheid benodig" (Vorster, 2009:103). Dit bring hom by die gevolgtrekking dat die "skeppingsverhale" ook as profetiese materiaal gelees "moet" word – profetiese materiaal wat terugkyk (Vorster, 2009:103). Hy beskryf dit verder as "teologie in die natuurwetenskaplike omhulsel van 'n antieke tyd". Hy wil die skeppingsverhale hanteer hê as "teologiese stof met 'n profetiese en polemiese

gerigtheid”, sodat die geosentriese lewensbeeld wat hy daar vind nie meer vir hom ’n probleem hoef te wees nie. Al wat dan vir hom normatief is, is “die goddelik-geïnspireerde teologie” wat dan uit die wêreldbeeld van destyds gehaal moet word (Vorster, 2009:104).

Die interpretasie van die skepping en sondeval word dus ’n taak wat die leser of teoloog moet aanpak in die besef dat Genesis 1-3 “die verhouding tussen God en die wêreld in die vorm van metafore, beelde en simbole wat in die antieke wêreld bekend was en wat waarhede uitdruk wat te kompleks is om op ander maniere uit te druk”, beskryf. Daarom moet die skeppingsverhale deur mense “teologies en profeties geïnterpreteer te word” (Vorster, 2009:105). Hy vind spesifiek in Genesis 1:1-2:4 “’n mengsel van poësie en prosa wat ouer skeppingsverhale en kosmologieë gebruik en aanpas om Israel se verbondsverhouding met God te beskryf”. Hy skryf dat die teks waarskynlik sy finale beslag gekry het in die sesde eeu v.C. en as ’n korrektief op Babiloniese teologiese aansprake dien. Wat Genesis 2:4b-3:24 betref, vind hy aansluiting by die siening wat die deel toeskryf aan “’n vroeëre Israelitiese tradisie” (Vorster, 2009:105). Hiermee word “probleme wat voortspruit uit hierdie verhale in ’n nuwe lig” gestel, aldus Vorster, want “ondanks die feit dat die verhale se beelde en uitdrukkingsvorme grootliks aan die oud-Oosterse skeppingsmites ontleen is, bied die inhoud ’n eiesoortige Israelitiese wêreldbeskouing wat profeties van aard is” (Vorster, 2009:106).

### *2.2 Verkeerde verstaan van erfsonde*

Vorster trek die lyn van sy siening oor die historisiteit van Genesis 1-3 deur na die vraag oor die erfsonde. Volgens hom word die erfsonde in sommige gereformeerde kringe dikwels misverstaan as ’n genetiese begrip wat biologies van geslag tot geslag oorgedra word, in plaas van ’n etiese en sedelike begrip. “Sodanige verstaan word begrond deur ’n bepaalde interpretasie van die geslagsregisters wat in Genesis 4 en 5 voorkom, asook tekste soos Psalm 51:7 en Romeine 5:12, en NGB artikel 15. Die geslagsregisters van Genesis 4 en 5 sou daarop dui dat alle mense geneties van Adam afstam, terwyl Romeine 5:12 sou stel dat alle mense uit die bloed van Adam ontstaan het en dat sonde biologies van hom na die ganse menslike geslag oorgedra word. Hierdie siening word na bewering bevestig in NGB art 15 wat na die sonde verwys as ’n “*oorgeëërfde gebrek*” (Vorster, 2009:111). Soos die skeppings- en sondevalverhale in Genesis, sien Vorster (2009:111) die geslagsregisters nie as “suiwer historiese stof nie, maar wel teologiese stof”. In Romeine 5:12 word, volgens Vorster, “in ’n korporatiewe sin” van Adam en Christus gepraat (Vorster, 2009:112). Paulus praat dus nie hier van Adam in ’n historiese individu nie, “maar as prototipe van die ou mensheid”.

Vir Vorster is dit daarom problematies dat binne die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (GKSA) "die skeppingsverhale dikwels nog op grondvlak, spesifiek in kategese, as histories-letterlike stof gehanteer word". Hy wys daarop dat die skeppingsgeloof in die Skrif "nie binne 'n historiese vakuum ontstaan" het nie, maar "binne die denkwêreld van die Antieke Ooste" ontwikkel het (Vorster, 2009:115). Weereens wil hy hom op Barth (1958:82) beroep, wat na sy oordeel tereg stel "dat die idee dat die Skrif alleen gesagvol kan wees indien dit histories-letterlik spreek, onhoudbaar is en deur die Christelike kerk laat vaar moet word" (Vorster, 2009:115).[1]

## 3. Kritiese vrae oor Vorster se standpunt

Een artikel kan moeilik reg laat geskied aan die beoordeling van sowel Vorster se gebruik van die Skrif, as die kritiek wat hy op die gereformeerde verstaan van die erfsonde het. Hierdie artikel fokus op eersgenoemde, sy siening en gebruik van die Skrif – veral die eerste hoofstukke van Genesis.

### *3.1 Wie bepaal wat is histories binne die "nie-historiese geskiedenis" en wat nie?*

Vorster aanvaar wel sekere dele uit die eerste hoofstukke van die Bybel as histories waar, maar motiveer nie uit die teks hoekom dié dele wel waar kan wees, en die res nie. Uit die artikel van Vorster is dit ook nie duidelik watter metode hy gebruik om vas te stel wat wel histories betroubaar sou wees en wat nie. Tog is dit vir hom so belangrik dat dit gedoen word, dat hy die dinge wat hy as deel van die "mitiese verpakking" sien, uit die praktyk van die GKSA en sy katkisasiehandleidings wil skrap (Vorster, 2010:115). Hy erken wel "God het

1 Hierdie standpunt van Vorster het hy vantevore ook tydens 'n preek op 5 Augustus 2007 te Bultfontein bekendgemaak (vergelyk Vorster, 2007): "Broers en susters, in Genesis 2 en 3 maak die Here met ons soos Natan met Dawid gemaak het. Nadat Dawid Uria laat vermoor het, sodat hy met Uria se vrou Batseba kan trou, stuur die Here die profeet Natan na Dawid. Natan vertel dan vir Dawid die verhaal van 'n ryk man wat 'n arm man se enigste lammetjie slag vir sy gas, en vra dan vir Dawid om die optrede van die man te beoordeel. Dawid is dadelik kwaad en vra: Wie is die ryk man! Dan antwoord Natan: Jy is die man!"
"Dieselfde gebeur met ons in Genesis 2 en 3. Die Here vertel aan ons 'n paradysverhaal. Wanneer ons in woede ons vingers na Adam en Eva wys dan sê die Here: Dis jy! Jy is die man! Jy is die vrou! U sien, ek en jy is verantwoordelik vir die fatale breuk wat daar tussen mens en God bestaan."
In die klankopname lui die tweede paragraaf van die preek soos volg:
"Dieselfde gebeur met ons in Genesis 2 en 3. Die Here vertel aan ons 'n gelykenis. Hy vertel aan ons 'n paradysverhaal. En wanneer ons dan in woede ons vingers wil rig na Adam en Eva dan sê die Here: Dis jy! Jy is die man! Jy is die vrou! Dieselfde gebeur met ons ... ek en jy is verantwoordelik vir die fatale breuk wat daar tussen God en mens bestaan. Vir ons is daar geen verontskuldiging nie."

immers werklik die skepping geskape en Hy beskerm werklik die skepping teen bedreiging, Hy het werklik in ’n verbond met die mens getree, die Bose bestaan werklik, en die sondeval is ’n historiese werklikheid” (Vorster, 2009:102), maar in sy uitwerk daarvan blyk dit dat hy dit nie as histories sien soos wat dit in Genesis 1-3 aangebied en openbaar word nie. Dit wat Vorster wel as historiese werklikheid erken is heeltemal sy eie besluit, volgens sy eie maatstaf. Die res wat hy nie wil aanvaar nie, hoef hy nie, want hy sê immers: “Hierdie historiese werklikhede word in die skeppingsverhale in poëtiese, kunsprosaïese en paraboliese genres verpak” (Vorster, 2009:102). Die probleem met hierdie wyse van Skrifhantering is die inherente subjektiwiteit daarvan; dit maak dat enige persoon self kan besluit wat in die Skrif histories betroubaar is (bv. skepping, sondeval, opstanding, wederkoms, ens.) en wat nie. Wie bepaal wat histories waar is – veral wanneer Skrif-met-Skrifvergelyking ook verskille met die res van die Skrif sou aantoon soos Vorster sê? Die vraag is of Vorster met sy subjektiewe selektiewe keuse oor historisiteit al dan nie, die gesag van die Skrif werklik handhaaf, of die openbaring van die Skrif as Woord van God in gedrang bring.

### *3.2 Veronderstel ooreenkomste noodwendig ’n samestelling van mitologiese verhale?*

Vorster (2009:100) wys op die opvallende ooreenkomste tussen die skeppingsweergawe in Genesis en ander skeppingsverhale uit die antieke tyd. Die vraag is egter of dít ’n geldige argument teen die geskiedkundige juistheid van Genesis 1-3 is. As al die mense afstammeling van een familie is, behoort die verhale wat met geslagte oorvertel is op ’n manier ooreen te stem. Die nuutste genetiese ontdekkings ondersteun ook hierdie siening dat al die mense uit een bloed voortkom en dus familie is (Ham, Wieland & Batten, 2004:51-56). Soos Genesis verwys ander antieke verhale ook na een mensepaar wat deur God of gode geskep is en waaruit die hele menslike ras voortvloei. Hieruit kan egter nie met stelligheid afgelei word – soos Vorster dit doen – dat Genesis eers later geskryf is en dinge uit ander verhale oorgeneem het nie.

Vorster verswyg die belangrike verskille tussen die Bybelse openbaringsgeskiedenis en ander soortgelyke verhale uit die Ou Nabye Ooste.[2] Waar die Bybelse weergawe eenvoudig die volgorde van die skepping en die verhaal van die eerste mensepaar vertel, voeg die ou Sumeriese en Babiloniese weergawes allerhande mitologiese stertjies by (Lion-Cachet, 1989:16). Dit was dan ook die gebruik in

2 Vir ’n kernagtige bespreking hiervan, vergelyk Longman (2005:78-80). Vir ’n meer uitgebreide vergelyking, sien Du Toit (1971:87-94).

die Ou Nabye Ooste om allerhande legendes by te voeg by dit wat tradisioneel oorvertel word. Dit is dus meer logies om te aanvaar dat dit nie Genesis se skrywer (vgl. Vorster, 2009:101) is wat van mites geskiedenis maak nie, maar dat die buite-Bybelse weergawes van geskiedenis mites gemaak het.

### *3.3 Vorster se siening van "dag" en Genesis se historiese betroubaarheid*

Vorster verdedig sy siening dat Genesis 1-3 nie werklike geskiedenis bevat nie deur te beweer dat ŉ verstaan van Genesis as ware geskiedenis ŉ mens daarby moet uitbring dat jy die skeppingsdae as presies 24 uur moet sien, asook dat die wêreld uit drie verdiepings bestaan (Vorster, 2009:96-99). Dit staan egter nie so in die teks nie en is bloot ŉ afleiding wat hy maak (bv. dat ŉ skeppingsdag presies met vandag se horlosietyd sou korreleer). Hierdie afleiding gee geen regverdiging vir ŉ verwerping van dit wat as histories duidelik uiteengesit word, byvoorbeeld dat die slang met Eva praat, of dat sy en Adam van die vrug van die verbode boom geëet het nie. Hierdie dele staan in Genesis 3, dié hoofstuk wat Vorster (2009:102) veral figuurlik verklaar wil hê.

### *3.4 Is Genesis as "teologie" God se nadenke oor die skepping of Israel s'n?*

Onder die opskrif "Teologie in ŉ natuurwetenskaplike omhulsel" skryf Vorster (2009:104): "Ons vind in Genesis 1, maar ook op ander plekke in die Bybel, teologie in ŉ natuurwetenskaplike omhulsel." Oor wat hy onder teologie verstaan is daar egter nie duidelikheid nie en die indruk ontstaan dat hy homself weerspreek. Aan die een kant stel hy dat dit God is wat die teologie bedryf, deurdat God gebruik maak van "die natuurwetenskaplike opvattings van die tyd om teologiese idees oor te dra" (Vorster, 2009:104). Hiervolgens sou God dus verkeerde natuurwetenskaplike idees, Babiloniese en ander Nabye-Oosterse mites, asook talle teenstrydighede gebruik om sy "teologie" te verkondig. Meestal praat Vorster egter van dit wat in Genesis 1-3 staan as teologie wat deur mense (en dan selfs so laat as die sesde eeu voor Christus) geskep is, om hulle idees oor God en die wêreld oor te dra, "deur ŉ verskeidenheid beskrywings van die skepping ... met komplementerende teologiese perspektiewe wat naas mekaar bestaan" (Vorster, 2009:105). Vorster se gebruik van die begrip "teologie" is dus dubbelsinnig en werk nie verhelderend vir die vraagstuk nie.

### *3.5 Beteken skynbare teenstrydighede noodwendig dat gedeeltes nie as werklike geskiedenis gesien kan word nie?*

Vorster (2009: 99) sê in sy artikel die "ryke variasie van materiaal oor die skepping" in die Bybel "stem nie altyd feitlik ooreen nie". Hy gaan verder deur te sê: "Die skeppingsweergawe wat in Genesis 2 gegee word, is onversoenbaar met

Genesis 1”. Die rede daarvoor is vir Vorster “die feit dat die twee skeppingsverhale uit verskillende bronne ontstaan het”. Sy oplossing vir die onversoenbaarheid is dat die verhale “nie as histories-letterlike stof” gesien moet word nie, “maar dat hulle eenheid op ’n teologiese vlak lê”. Dit lei tot die stelling dat Genesis se “redigeerders nie belang gestel het in die presiese wyse waarop alles ontstaan het nie, maar wel in die teologiese boodskap oor die verhouding tussen God en mens” (Vorster, 2009:99).

Is dit noodwendig dat oënskynlike teenstrydighede tussen die eerste twee hoofstukke in Genesis die historiese verstaan van hierdie twee Skeppingsberigte in gedrang moet bring? Beklemtoon dit nie juis die geskiedkundige geloofwaardigheid nie? Habermas en Licona (2004:37) wys daarop dat dit juis die egtheid van die geskiedskrywing beklemtoon wanneer twee verhale, wat gedeeltelik na dieselfde saak verwys, nie in alles presies ooreenstem nie. Dit is sodoende duidelik dat die samesteller dit nie probeer verander het nie (wat hy sou doen as sy fokus op polemiek was), en dit wat as geskiedkundige stof aangebied word nie as teenstrydig nie (maar juis as aanvullend) sien.

## 4. Kritiese reaksie op Vorster se artikel

### *4.1 Aanspraak van die Skrif*

Ondanks verwysings regdeur die Bybel waar die skepping en sondeval en wat daar gebeur het as geskiedkundige gebeure vermeld word, beroep Vorster hom eerder op verskillende antieke verhale oor die skepping wat die skrywers van Genesis sou gebruik het om hulle verhale saam te stel. Vorster (2009:105) skryf byvoorbeeld: “Genesis 1:1-2:4 is ’n mengsel van poësie en prosa wat ouer skeppingsverhale en kosmologieë gebruik en aanpas om Israel se verbondsverhouding met God te beskryf. Die teks het waarskynlik sy finale beslag gekry in die sesde eeu voor Christus en dien as ’n korrektief op Babiloniese teologiese aansprake”. Hierdie benadering tot die Bybel wil dus wel die Bybel gebruik, maar self bepaal wat relevant is daarin.

Daarteenoor hanteer die Nuwe Testament Genesis 1-3 duidelik as werklike geskiedenis en nie as deur die mens uitgedinkte verklaring van die werklikheid toe Israel dit nodig gehad het nie. Nuwe-Testamentiese gedeeltes soos Matteus 19:3-9, Matteus 24:37-41, Johannes 8:44, Handelinge 17:26, Romeine 5:12-21, 1 Korintiërs 11:7-12, 1 Timoteus 2:12-15 en 2 Petrus 3:5-6 maak dit duidelik dat dit in Genesis 1-3 wel oor werklike geskiedenis gaan. In die eenheid van die Kanon word Genesis 1-3 as werklike geskiedenis gesien, terwyl Vorster hierteenoor staan met sy hipotese. So ’n hipotese wat teen die beskrywing aan die begin en later in die Bybel ingaan, plaas nie net ’n vraagteken agter die eerste Bybelhoofstukke se

historiese geloofwaardigheid nie, maar ook agter die Skrif as geheel. Om dit aan kinders in kategese te onderrig, kan verreikende negatiewe gevolge hê.

### *4.2 Gereformeerde hermeneutiek*

#### *4.2.1 Polemiese teologie teenoor openbaringsgeskiedenis?*

Deur die eeue heen bely gereformeerde hermeneute en ander gelowiges dat die eerste hoofstuk en hoofstukke van Genesis nie teologie (menslike nadenke oor God) is nie, maar deel van die (organies) geïnspireerde Woord van God (Walton, 2001:35-44). Soos enige ander gedeelte van die Bybel, staan Genesis teenoor die leuen en kan dit dus ook ŉ polemiese gerigtheid hê – soos byvoorbeeld dat die skepping van son, maan en sterre ŉ antwoord bied op heidense verafgoding van die hemelliggame (Vorster, 2008, 2009:106). Hierdie polemiese gerigtheid kan egter nie jou lees van die teks verander nie. Dit sluit nie uit dat Genesis 1-3 terselfdertyd openbaring van werklike gebeure kan wees nie. Polemies word die dinge wat gebeur het tog duidelik gemaak – juis om die waarheid van gebeure te stel teenoor die leuen en word nie van ŉ valse konstruksie gebruik gemaak om die waarheid te verdedig nie.

So wys Helberg (1980:18) daarop dat Genesis 1 openbaringsgeskiedenis en nie ŉ wetenskaplike handboek is nie. Tog is dit ŉ historiese dokument: "Genesis 1 het enersyds ŉ historiese opset; dit pleit vir ŉ historiese, letterlike bedoeling. Daar is ŉ omlyning, ŉ opeenvolging en selfs ŉ numering van dae. Die verhaaltrant word gebruik: 'en toe'." Helberg (1980:23-24) wys daarop dat daar regtig bome in die tuin was, waarvan een deur God aangewys is as een waarvan nie geëet mag word nie. Ook die slang in Genesis 3 is werklik ŉ slang, soos wat dit daar verhaal word, aldus Helberg.

#### *4.2.2 ŉ Nuwe bydrae?*

Vorster se siening bring nie iets nuuts tot die wetenskaplike debat oor die eerste hoofstukke van die Bybel nie. Reeds in die vroeë helfte van die vorige eeu is hierdie sake al in die Gereformeerde Kerke in Nederland gedebatteer, en is ŉ voorstander van ŉ standpunt oor Genesis 1-3 wat ooreenkomste toon met dié van Vorster, Johannes G. Geelkerken, uit sy amp as predikant afgesit deur die Sinode van die Gereformeerde kerke te Assen. Geelkerken het nie Genesis 1-3 as werklike geskiedenis beskou nie. Hy stel dat "De gereformeerde, organische Schriftbeschouwing verzet er zich tegen, dat men de historia revelationis der Schrift zou achten 'geschiedenis in den gewonen zin van het woord'". Geelkerken se voorstelling as sou openbaringsgeskiedenis noodwendig werklike gebeure in die gewone sin van die woord uitsluit, gaan nie op nie. Kruger (1991:201-202) wys in sy studie oor Geelkerken daarop dat Geelkerken reg is as hy beweer dat die

Bybel nie bloot geskiedskrywing in die gewone sin van die woord is nie, maar verkeerd is om te beweer dat openbaringsgeskiedenis, geskiedenis in die gewone sin van die woord (met werklike gebeure as referent) uitsluit.

### *4.2.3 Genesis en geskiedenis*

Longman (2005:60-62,101) wys daarop dat Bybelse geskiedskrywing soos ander geskiedskrywing tendensieus van aard is – soveel te meer as dit God se openbaring aangaande die geskiedenis is. In die seleksie en rangskikking van materiaal, asook die bepaalde invalshoek wat gebied word, word gebeure so verhaal dat dit 'n bepaalde boodskap dra (vgl. ook Block, 2003:412-418; Dillard & Longman, 2007:28-30). Geskiedenis is nie net *history* nie, maar ook *His Story*, naamlik God se betroubare oorvertel van wat gebeur het aan mense, wat dit op organiese wyse in menstaal opgeskryf het. (Longman, 2005:62).

In die uitleg van die eerste drie hoofstukke van die Bybel is dit belangrik om in ag te neem dat die outeur dit as historiese stof aanbied. Daar word byvoorbeeld vertel van dinge wat gebeur het, byvoorbeeld hoe die wêreld wat ons ken, geskep is en waar die sonde en kwaad in die wêreld vandaan kom. Walton (2001:37) beskryf dit in sy kommentaar op Genesis soos volg: "Genesis is historical in nature. Chapters 1-11 contains history on a universal scale, while chapters 12-50 concern the history of Israel's beginnings ... Chapters 1-11 establish the need for the covenant, and chapters 12-50 establish the formation of the covenant". As Genesis gelees word soos dit aan ons gebied word, kan ons nie anders as om dit as werklike geskiedenis, soos deur God self geïnspireer, te aanvaar nie: "I accept the Bible as God's revelation of Himself. ... He is the source from which Scripture flows, enabling it to emerge as true and authoritative. ... We are committed to taking the text at face value. When we say we take the text at face value, it means we are not trying to read anything into the text nor are we trying to squeeze something out of the text. We are not trying to sidestep the text or to avoid what it makes obvious" (Walton, 2001:43-44).

Die eerste hoofstukke van Genesis word nie net as werklike gebeure aangebied nie; dit word ook pertinent as geskiedenis aangedui – en dit in die vers wat die gegewens wat in Genesis 1 aan ons gebied word, met die van Genesis 2 en verder verbind, naamlik Genesis 2:4: "Dit is dan die *geskiedenis* (*toledot* in Hebreeus) van die hemel en die aarde toe hulle geskep is." (vgl. Walton, 2001:35-40 en Kidner, 1981:59). Selfs 'n kritiese teoloog soos Gerhard von Rad (1972:158-159) oordeel dat die doel van die outeur van die eerste hoofstukke van Genesis was om 'n ware en volledige oergeskiedenis van die mensdom te gee – hoewel von Rad die getuienis van die outeur as 'n geloofsuitspraak en nie as werklikheidsgetrou nie, beskou.

In die debat oor Peter Enns (2005) se siening oor die aard van die Ou Testament, waarin hy die eerste hoofstukke van Genesis as mities beskou, merk John Frame tereg op dat dit juis die aanspraak op historiese gebeure is, wat Bybelgefundeerde geloof onderskei van alle ander gelowe (Frame, 2008).

### *4.2.4 Teologie of openbaring?*

In sy uiteensetting van die openbaringsgeskiedenis beklemtoon Helberg (1980:2) dat die Ou Testament nie verskillende teologieë van mense weergee nie, maar dat dit die openbaring van God self deur verskillende persone is. Daarom word dit openbaringsgeskiedenis genoem. Helberg (1980:16) gaan voort deur daarop te wys dat Genesis 1 duidelik as historiese gebeure aangebied word. Dit kan byvoorbeeld gesien word deurdat werkwoorde wat eie aan ŉ geskiedkundige verhaal is, gebruik word, asook dat historiese voortgang beskryf word in byvoorbeeld die tweede dag, derde dag ensovoorts. Deur elke dag spesifiek te beskryf as aand en môre word ŉ geskiedkundige gang van gebeure beskryf.

Die vraag waaroor dit ten diepste gaan, is die vraag hoe die Skrif gesien en benader word. Is dit wat verhaal word regtig hoe dinge gebeur het, geskiedenis in die taal van die tyd geskryf; of is dit verklaring wat mense self daargestel het om ŉ verduideliking te gee vir dit wat hulle as nodig (bv. vir ŉ polemiek) beskou? Indien laasgenoemde, is daar ook twee moontlikhede. Die verklaring hoe die werklikheid ontstaan het en hoe dit saamgestel is, is uitgedink; óf die verklaring sluit aan by werklike gebeure soos oor eeue oorvertel, maar dit word deur elke volk en godsdienstige groep mities weergegee met sy eie verklaring, simbole en byvoegings. In laasgenoemde geval bevat Genesis 1 tot 3 ŉ getuienis, gekleur deur geslagte van oorlewering en herinterpretasie, van wat werklik gebeur het.

### *4.2.5 Grammaties-historiese eksegese versus ŉ allegoriese, figuurlike, gelykenis-verklaring*

Vorster breek met die klassieke gereformeerde benadering van die Skrif, deurdat hy in plaas daarvan om die Skrif as sy eie uitlêer te aanvaar – ŉ gereformeerde uitlegbeginsel deur die eeue – allerhande vrae aan die Skrif wil vra. Hy veronderstel bepaalde vrae sonder om te kan aantoon dat dit in die Skrifgedeeltes gevra of beantwoord word. ŉ Voorbeeld van so ŉ vraag wat hy veronderstel (en waarvolgens hy die eerste hoofstukke in Genesis polemies noem) is hoe die samestellers van Genesis hulle geloof in die hoofstukke tydens die ballingskap teenoor die ander gelowe met hulle skeppingsverhale en weergawes van waar kwaad vandaan kom, sou moes verdedig. Deur hierdie vraag wat hy self inbring, kom hy dan by ŉ heeltemal ander verstaan van waarom die gedeelte geskryf is uit (ŉ polemiese rede), wat hy dan weer in die gedeelte inlees. Genesis 1-3 bied

homself nie aan as ʼn gelykenis, ʼn teologie, of ʼn polemiese profesie nie, maar wel as historiese stof in ʼn kontinuum binne die openbaringsgeskiedenis.

ʼn Beroep op die "feit" dat die skeppingsverhale "se beelde en uitdrukkingsvorms grootliks aan die oud-Oosterse skeppingsmites onleen is" (Vorster, 2009:106), is die vrug van die aanwending van ʼn metode wat dit wat daar staan eerder wil "rekonstrueer" aan die hand van praktyke of sienings wat vermoed in gebruik was binne ʼn gegewe sosio-historiese milieu. Uit Vorster se beskrywing blyk dit dat praktyke van die heidense "omringende volkere van Israel" (Vorster, 2009:107), asook hulle en andere se skeppingsverhale of mites, die Bybelskrywers sou beïnvloed het. Dit verklaar dan waarom hulle dinge as werklike gebeure beskryf wat nie werklik gebeur het nie. So word hierdie belangrike deel van die openbaringsgeskiedenis oor skepping en sondeval vir hom nie meer geskiedenis nie, maar verhale, gelykenisse of teologieë, wat deur mense saamgestel is as gevolg van omgewingsinvloede. Sy norm word hierdeur nie die gedeelte van die Skrif of selfs die res van die Skrif nie, maar heidense verhale van buite die Skrif.

Vorster (2009:105) beroep hom sonder bewysvoering op ʼn laat-datering as ʼn kardinale deel van sy argument dat die eerste hoofstukke van Genesis as teologie en ʼn polemiese geskrif uit die sesde eeu v.C. gelees moet word. Hy verwys na buite-bybelse Skeppingsmites, sonder om in sy artikel aan te toon hoe hierdie baie ou mites noodwendig ʼn sesde eeuse datering ondersteun. Hy gebruik dit as motivering vir sy siening dat die eerste hoofstukke berus op ʼn klomp mites van ouer verhale wat deur die skrywers van Genesis teologies verwerk is vir die tyd van die ballingskap.

Daar is geen konsensus oor die tyd wanneer die eerste hoofstukke van Genesis geskryf kon gewees het nie. Daar is hedendaagse Ou Testamentici wat ʼn substansiële Mosaïese outeurskap aanvaar of ten minste as moontlik beskou (Dillard & Longman, 2000:60-61; Walton, 2000:64). Ander Ou-Testamentici wat die Bybel as gesagvolle Woord van God handhaaf noem die moontlikheid van bronne, maar dan nie in die sin van die klassieke bronnehipotese van Wellhausen nie en met erkenning dat die bronne outentieke bronne sou wees wat deur ʼn latere outeur saamgevoeg is en God se betroubare inligting bevat (Paul *et al.*, 2004:14; Wenham, 1987:xliii-xlv).

### *4.2.6 Goddelike inspirasie of menslike oorsprong?*

Vorster (2009:102) skryf: "Hoewel dele van Genesis 1-3 besonders beeldryk is en daarom sekerlik figuurlik verklaar moet word, spesifiek Genesis 3, het die verhale ook ʼn historiese dimensie." Hoewel Vorster die begrip historisiteit hier gebruik, is reeds daarop gewys (vgl. 3.1 hierbo) dat dit onduidelik is op grond waarvan

Vorster wil bepaal watter deel die historiese stof is, en wat die mitiese, gelykenis of teologie dele is. Saam met Vorster se argument dat die Bybelskrywers “gebruik gemaak het” van die “natuurwetenskaplike opvattings van die tyd”, kan afgelei word dat Vorster verder wil gaan as blote organiese inspirasie, waar God die eie gawes en talente van die Bybelskrywers gebruik het, om sy Woord neer te pen. Deurdat hy kies vir ŉ “teologiese benadering”, lê Vorster die klem op die mens wat besig is om insigte oor dinge neer te pen. Die indruk ontstaan van ŉ tipe ontmitologisering van die Bybel. In sy preek beskryf Vorster (2007) die sondevalverhaal as ŉ gelykenis wat soortgelyk as die Natan en Dawid-geskiedenis verstaan moet word. Verder stel hy dat dele van Genesis 1-3 en spesifiek Genesis 3 allegories of figuurlik verstaan moet word. Die ernstige vraag bly of hierdie siening, wat volgens Vorster in die kategese verkondig moet word, nie die integriteit van die Godsopenbaring en die Goddelike inspirasie van die Skrif in gedrang bring nie.

### *4.2.7 Tydgebonde of tydgerig?*

Teenoor ŉ tydgebonde benadering van die Skrif, stel die gereformeerde hermeneutiek dat die Skrif homself as altyd geldende geïnspireerde Woord van God aandien (vergelyk Floor, 1985:34 en Coetzee *et al.*, 1980:22.). Die konsekwensies van die tydgebonde benadering word onder andere duidelik by Kuitert, wat ŉ voorstander van ŉ tydgebonde siening van die Skrif is (Kuitert, 1972:186-187). ŉ Beroep op die Bybel word onmoontlik omdat daar nie meer van die Bybel as ‘*suprema iudex controversiarum*’ gespreek kan word nie, want ons ontmoet in die Bybel gewone mense wat ŉ teologie daargestel het en in hulle taal en binne hulle horison hulle godsgeloof onder woorde bring. By laasgenoemde siening sluit Vorster met sieninge aan soos dat heidense mitiese verhale as bron vir die “teologie” in Genesis 1-3 dien.

Hierteenoor het die gereformeerde dogmatiek in die GKSA, ooreenkomstig die belydenisse die geloofsuitgangspunt dat die Bybel die ewige en altyd geldende Woord van God is. Dit is God self wat deur en vanuit die Skrif tot ons spreek (Coetzee *et al*., 1980:23) en geloof in dit wat Hy vir ons laat neerskryf eis. Vorster se siening raak die beskouing van die Skrif in sy wese, as hy aan die een kant stel dat die eerste hoofstukke van die Bybel teologie van God is, maar aan die ander kant die dele van die Bybel sien as vrug van skrywers “in die sesde eeu v.C.” wat “dien as ŉ korrektief op Babiloniese teologiese aansprake” (Vorster, 2009:105). Tereg stel Lloyd-Jones (1984:211) dat daar net twee moontlikhede is: Of ons aanvaar die Bybel as Woord van God as enigste (finale) outoriteit in alle sake soos dit geskryf is, of ons vertrou (primêr) op menslike kennis en wetenskaplike insig. Lloyd-Jones (1984:210) stel verder dat daar geen twyfel daaroor kan wees nie dat

“all the troubles in the Church today, and most of the troubles in the world, are due to a departure from the authority of the Bible”. Wat die selfgetuienis van die Bybel dat dit gesagvol is betref, wys Floor (1986:34) eweneens daarop dat die Bybel sy eie gesag met nadruk uitspreek. Uitdrukkings soos ‘die Here het gespreek’ of ‘die Woord van die Here het gekom’ kom meer as 3000 keer in die Ou Testament voor. In Genesis 1 klink dit soos ’n refrein: “Toe het God gesê”; “God het gesien”; “God het ... genoem”; “God het ... gemaak”. In Genesis 2 en 3 klink weer die refrein: “Die Here God het”; “het die Here God gesê”. Ten diepste bring Vorster se siening die leser van die Skrif by die vraag uit: Het die Here God, of het die Here God nie?

#### *4.2.8 Skrif-met-Skrif-vergelyking*

Die besluit of die vertelling in Genesis 1-3 werklike gebeure is of nie lê, soos al die ander historiese vertellings van die Bybel, op ’n metavlak. Dit word bepaal deur jou vooronderstellings oor die aard van die Skrif (vgl. Walton, 2001:43-44). Indien aanvaar word dat Genesis 1 met die res van Genesis aaneengeskakel word deur die *toledot*-formule (Gen. 2:4) en dat dit geldig is om die aanwysing in die Tien Gebooie (Eks. 20:11) as geldige intertekstualiteit te aanvaar (waar verklaar word dat God in ses dae die hemel en aarde gemaak het en op die sewende dag Hy gerus het), kan jy nie anders as om Genesis 1 as werklike historiese gebeure te aanvaar nie. Dit is baie belangrik juis ook omdat Genesis 1 as belangrike vertrekpunt vir die res van die openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament en die hele Skrif dien.

Die Nuwe Testament aanvaar die Goddelike gesag van die Ou Testament (vgl. Joh. 5:39; 10:35; Luk. 24:44; 2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:20-21), en het dieselfde gesag as die Ou Testament (vgl. 2 Pet. 3:15-17). Die Bybel bestaan dus nie uit blote ervarings, insigte, voorskrifte, teologieë of polemiek van mense nie, maar is openbaring van God, en as sodanig gesagvol soos dit ditself openbaar. As dit nie by die verklaring en toepassing van die Skrif in gedagte gehou word nie, verontreg ons die Bybel (Floor, 1985:38).

Teenoor Vorster se siening staan die goue reël van Gereformeerde Skrifverklaring dat die Heilige Skrif vir homself sy eie uitlegger is (*Sacra Scriptura sui ipsius interpres*). Hieruit volg dat Skrif met Skrif vergelyk moet word, sodat ’n teks van die Bybel nooit so verklaar word dat dit in stryd met ander dele van die Bybel is nie (Lloyd-Jones, 1981:284). Moeiliker verstaanbare dele en opdragte moet in die lig van die makliker gedeeltes wat oor die saak handel, verklaar word; onduideliker uitsprake in die lig van duideliker uitsprake; meer kursoriese uitsprake in die lig van uitgebreider uitsprake; en meer prakties gerigte uitsprake in die lig van meer prinsipiële uitsprake (Coetzee *et al*., 1980:29). Daarby moet

met die openbaringshistoriese plek en situasie van 'n teks rekening gehou word, want dit het "God behaag om Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis al duideliker te openbaar". Daarom is "die latere woord in die Godsopenbaring oor dieselfde saak altyd deurslaggewend teenoor die voorafgaande!" (Coetzee *et al.*, 1980: 28.) Soos reeds aangetoon hanteer die res van die Skrif ook dit wat in die eerste hoofstukke van Genesis verhaal word, as histories. Hoewel ons in die Skrif 'n voortgang in die openbaring vind, kan hierdie voortgaande openbaring in die Skrif nie in stryd wees met die voorafgaande nie, want dit is God wat openbaar. Ook is die kanon afgesluit (NGB, Art.2-7). Dit sluit in dat 'n ander verstaan van die Skrif as wat daar staan, ook nie aanvaarbaar is nie, want in wese kom dit neer op 'n verandering van die teks.

## 5. 'n Beoordeling van Vorster se siening van Genesis 1-3

### *5.1 Gereformeerde uitgangspunt*

Aansluitend by die gereformeerde eksegetiese beginsel van Skrif-met-Skrifvergelyking, is die eenheid van die Skrif vir die gereformeerde hermeneutiek 'n kernuitgangspunt. Dit veronderstel dat die verskillende Skrifgedeeltes mekaar aanvul. Elke deel van die Woord moet saam met die res van die Bybel gelees word. Jonker stel tereg dat die Skrif alleen reg verstaan kan word as gelowig die pretensie van die Skrif aanvaar word dat dit die onfeilbare Woord van God is wat 'n bepaalde boodskap wil bring. "Dit impliseer dat die Skrif as kanon 'n eenheid is met 'n boodskap wat alleen verstaan kan word as elke woord van die Bybel gelees word in die lig van die geheel"(Jonker,.s.j.:3; vgl. ook Kaiser, 2007b:69-73). Dit is "een God ... wat deur sy een Woord (of Seun) onder inspirasie van sy een Gees sy Woord spreek!" Coetzee *et al.* (1980:27)

Juis op grond van hierdie eenheid van die Skrif, is Skrif-met-Skrifvergelyking vir 'n Christelike hermeneutiek, nie net moontlik nie, maar ook noodsaaklik. As nie aan die eenheid van die Skrif vasgehou word nie, maar as byvoorbeeld dele van die Bybel gesien word as "inhoudelike teenstrydighede" (Vorster, 2009: 99), maak hierdie siening dit vir Christene onmoontlik om hulle op die gesag van die Skrif te beroep. Dan kan hoogstens 'n beroep gedoen word op 'n Bybelskrywer wat sy menslike ervaring van God weergegee het, of wat polemies hom wou verantwoord teenoor idees van sy tyd. Dit open die weg na ander outoriteite wat vandag na vore kan kom en 'n skeppingsgeskiedenis beter kan saamstel as wat (soos Vorster beweer – 2009:105) mense uit Israel dit saamgestel het in die sesde eeu voor Christus, as "'n mengsel van poësie en prosa wat ouer skeppingsverhale en kosmologieë gebruik en aanpas", om "as 'n korrektief op Babiloniese teologiese aansprake" te dien. In feite maak Vorster die deur oop vir 'n nuwe polemiese skeppingsverhaal, en vra hy dan ook dat die veranderde verhaal gebruik moet

word in die kinders se geloofsopleiding (Vorster, 2009:115). Die gevaar van benaderings soos hierdie vir die Christelike samelewing en geloof word in die literatuur deur verskeie skrywers uitgewys (vgl. Jones, 1998:125-130).

Dat dit Vorster se siening is dat ons vandag by 'n beter beskrywing van die skepping van alles behoort uit te kom as dit wat deur die destydse Bybelskrywers uitgedink is, is duidelik as hy in sy slotopmerking van sy artikel (Vorster, 2009:115) skryf: "Die skeppingsgeloof in die Skrif het egter nie binne 'n historiese vakuum ontstaan nie, maar het ontwikkel binne die denkwêreld van die Antieke Ooste. Israel kon sy geskiedenis en historiese ontmoetings met God alleen binne hierdie horison verstaan." Volgens Vorster (2009:96) is hierdie geskiedkundige verstaan van Genesis 1-3 deur die natuurwetenskap "as agterhaal bewys" en lê die betekenis van hierdie gedeeltes vir die moderne mens slegs daarin "dat God alle dinge geskape het, nie hoe Hy alle dinge geskape het nie".

### *5.2 Genesis 1 en 2*

As Vorster net sou sê dat Genesis 1 en Genesis 2 verskillend geskryf is en op verskillende sake die oog laat val, sou daar met hom saamgestem kon word. Maar nou aanvaar hy nie die inhoud nie. Hy aanvaar nie die wyse waarop God volgens die twee Bybelhoofstukke geskep het nie ("hoe Hy alle dinge geskape het" – Vorster, 2009:105). Daarbenewens skryf hy dat die skeppingsweergawes van Genesis 1 en Genesis 2 "onversoenbaar" en "beslis nie net 'n nadere verduideliking" is nie (Vorster, 2009: 99). Genesis 1:1-2:4 is 'n geskrif uit die sesde eeu voor Christus, wat saamgestel is uit "'n mengsel van poësie en prosa wat ouer skeppingsverhale en kosmologieë gebruik en aanpas om Israel se verbondsverhouding met God te beskryf" (Vorster, 2009:105). Hy verwys daarna as die Priesterlike skeppingsverhaal. Ook by Genesis 2:4b-3:24 beklemtoon Vorster (2009:105) die menslike samestelling daarvan as hy dit toeskryf "aan 'n vroeëre Israelitiese tradisie wat klem geplaas het op Israel se godgegewe roeping in die wêreld". Hy verwys daarna as die Jahwistiese skeppingsverhaal.

Teenoor Vorster se siening moet daarop gewys word dat Genesis 1:1-2:3 wel in aard van Genesis 2:4b-3:24 verskil, maar tog ten nouste daarmee saamhang, ongeag of dit deur dieselfde persoon geskryf is en of God dit op verskillende tye aan verskillende mense geopenbaar het. Genesis 1 word deur die outeur van die boek Genesis doelbewus as inleiding tot die res van die gebeure in Genesis gestel en in Genesis 2:4a aan die verdere gedeeltes gekoppel met die eerste van die "toledot"-formules in Genesis (Walton, 2001:35-40). So sien Helberg (1980:11) Genesis 2:4 e.v. as die voortgang, en wel 'n beskrywing uit 'n ander hoek, van die skeppingsgeskiedenis. Dit is byvoorbeeld nie uit Genesis 1 as sodanig duidelik dat God 'n eerste mensepaar geskep het nie, want Hy het hulle (letterlik) manlik en

vroulik geskep. As ʼn mens dit egter saam met Genesis 2 lees, word dit duidelik hoe die twee skeppingsberigte mekaar juis aanvul. Daar is ook sake in Genesis 1 wat nie so uitdruklik in Genesis 2 aan ons geopenbaar word nie, naamlik dat die mens na God se beeld geskep is en dat hy oor die hele aarde moet heers en dit moet onderwerp. Beide gedeeltes (en die res van die Skrif) word ingelui deur die eerste vers van die Bybel. Die woord "skep" (Hebreeus *bara'*) in Genesis 1:1 som die gedeelte wat oor die skepping gaan op en dui op die oorspronklike oomblik wat God die skepping in aansyn geroep het (Jesaja 48:3, 7) sowel as die fyn werk om alles tot perfektheid te bring (Kidner, 1981:44).

Die Here het dit dus so beskik dat hierdie twee skeppingsberigte vir ons ʼn duideliker beeld moet gee van hoe Hy alles geskep het. In plaas van teenstrydighede wat Vorster probeer bewys (2009:99), is die vertrekpunt van die Skrif en die gereformeerde belydenis dié van verdere openbaring, deurdat die Heilige Skrif sy eie verklaarder is.

### *5.3 Genesis 2 en 3*

Na Genesis 2:4 kom die volgende "toledot"-formule in Genesis 5 voor. Dit verbind dan die voorafgaande Genesis 2 tot 4, aan ʼn genealogie en ʼn beskrywing van verdere gebeure. Daardeur word Genesis 2 tot 4 vir die leser as werklike gebeure van mense met name, waarvan die volk Israel uiteindelik afstam, aangedui. Wanneer Genesis 2 en 3 as iets anders beskou word, bv. mite, fabel, teologie, of (soos Vorster, 2007 dit in sy preek beskryf) as gelykenis, beteken dit dat die selfgetuienis van die boek Genesis daardeur in gedrang gebring word. Dié manier van lees is tipies van die histories-kritiese en literêr-kritiese metodes, waarvolgens teologiese waarheid in die Skrif gesoek word, maar ontken word dat hierdie "waarheid" of boodskap die historiese werklikheid weerspieël (Hill, 2000:55). Daarteenoor staan histories-grammatiese metodes wat verskeie Skrifverklaarders in die verlede nagevolg het met gebruikmaking van die term *grammaties-histories* (bv. K.A.G. Keil), sonder gebruikmaking van die term (bv. Calvyn) of onder ʼn ander naam (soos W.C. Kaiser) (Kaiser, 1981:197-198; 2007a:33-35)

Soos in Genesis 1, maar meer konsekwent en sterker, word in Genesis 2 tot 4 en veral in Genesis 2 en 3, die vertelling deur ʼn "*waw*"-konsekutief in die Hebreeus voortgedra. Hierdie werkwoord is tipies om die ruggraat van ʼn vertelling aan te dui. Soos by Genesis 1, lê die beslissing of die vertelling werklike gebeure is of nie, op ʼn metavlak. Dit word bepaal deur ʼn mens se voorveronderstellings oor die aard van die Skrif (vgl. Walton, 2001:35-40). As ʼn mens die teks in sy finale vorm as eenheid en as God se openbaring aanvaar (ooreenkomstig NGB art 2-7), is dit logies om te aanvaar dat hier werklike gebeure beskryf word. Die keuse om dit

wat God se Woord as werklike gebeure aanbied, te verskraal tot net sekere dinge wat werklik sou gebeur het, omdat dit inpas by die eksegeet se hedendaagse opvattings, berus op menslike oordeel, nie op die Skrif se eie aanspraak nie.

Genesis 3 vertel van die oorsprong van die kwaad in die wêreld. Dit gee in ’n historiese vorm die gesprek wat tussen Eva en die slang plaasgevind het, asook die oordeel wat God as gevolg van die kwaad wat daarop in die wêreld gekom het, oor sowel Adam en Eva, as die slang uitgespreek het. Verder in die Skrif word ook weer na hierdie gebeure in die tuin as histories – geskiedenis wat plaasgevind het – terugverwys (vgl. bv. 1Tim. 2:13-14). Ook berus sake soos dat die Here die huwelik ingestel het, dat die mens die opdrag ontvang het om te bewerk en te bewaak, asook dat daar ’n perk aan die mens gestel is deurdat hy nie van die boom in die middel van die tuin mog eet nie, op hierdie gedeelte. Die oorsprong van die sonde word duidelik in Genesis 3 geskets, asook die straf op die sonde.

Vorster stel nie net dat die Bybelse “skeppingsverhale mitologiese beelde gebruik wat in die Antieke Ooste in omloop was” (Vorster, 2009:101) nie, maar sonder die sondevalverhaal spesifiek uit as ’n stuk wat nie plaasgevind het soos die teks dit aandui nie. Hy sê dat “dele van Genesis 1-3 besonders beeldryk is en daarom sekerlik figuurlik verklaar moet word, spesifiek Genesis 3” (Vorster, 2009:102). Redelik weersprekend erken hy dat die sondeval ’n “historiese werklikheid” is, maar gaan dan voort om te sê die “historiese werklikhede” word “in poëtiese, kunsprosaïese en paraboliese genres verpak” (Vorster, 2009:102). Dit blyk dus dat Vorster in sy hermeneutiek eerder na die Skrif gaan met allerhande teorieë en dit wat sy menslike verstand kan begryp as vertrekpunt, as dat hy aanvaar dat die Skrif sy eie verklaarder is en verstaan moet word soos hy homself aandien.

Ham en Taylor (1996:34) wys tereg daarop dat beide die geestelike en fisiese dood van die mens hulle oorsprong het in die sondeval. Die res van die Skrif sluit dan ook hierby aan as ’n historiese gebeurtenis. So vertel 1 Korintiërs 15:21-22 dat die fisiese dood deur Adam gekom het, terwyl die fisiese opstanding deur Christus is, en Romeine 5:12, 14, 15 dat die sondeval deur Adam kom en die dood die gevolg is van sonde. Powell (2006:340) beklemtoon ook dat volgens die Bybel nie die mensdom of die wêreld self in ’n korrupte staat van boosheid gemaak is nie. Ham en Taylor (1996:35) oordeel soortgelyk wanneer hulle wys op die belangrikheid van die geskiedenis in Genesis, wat deur die res van die Skrif gebruik word as basis dat die dood die straf op sonde is. Dit word aangetoon deur die dood van die eerste mens Adam (en al die mense na hom), die offer van diere (die eerste diere maak God dood om Adam en Eva te klee), en bo-alles deur die dood van Christus, die perfekte offer. Sonder dat bloed gevloei het is daar geen vergifnis nie (Hebr. 9:22).

## 6. Beoordeling aan die hand van die gereformeerde belydenis

In sy artikel verwys Vorster (2009:103) wel na die gereformeerde belydenisskrifte en sê dat sy siening nie in stryd daarmee is nie, aangesien volgens hom Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sou beteken dat ons net hoef vas te hou aan die inhoud van die Skrif wat vir ons saligheid nodig is. Behalwe vir die soteriologiese verskraling van die belydenis en Skrif kan, volgens hierdie interpretasie van die belydenis, Vorster nou die spesifieke beskrywing van hoe die skepping en sondeval plaasgevind het, beskou as iets wat ons nie vir ons saligheid benodig nie (Vorster, 2009:105), en dat dit daarom nie geglo hoef te word soos die Skrif dit as spesifieke historiese gebeure aandui nie.

Hierteenoor bevat die gereformeerde belydenisskrifte duidelike verwysings na die skepping- en sondevalweergawe in Genesis, wat onteenseglik dui op 'n historiese verstaan daarvan. 'n Voorbeeld hiervan is dat ons bely dat ons kinders van Adam is en daarom deel het aan die verlorenheid. Hulle word "ons eerste voorouers" genoem (HK, vr./antw. 7). Hierdie historisiteit raak niks minder nie as die Middelaarskap van Jesus Christus, want God self het hierdie "evangelie" reeds in die "paradys" aan ons bekendgemaak (HK. antw. 19). Indien Genesis 1-3 nie histories verstaan word nie, word 'n kernsaak in die belydenis geloënstraf. Met reg sê Engelsma (2009:8): "On the basis of Genesis 1-3, in Articles 12-17, the Belgic Confession teaches creation, the creation of man out of the dust, and the fall of man by means of the devil speaking through the serpent as history. The Heidelberg Catechism does the same in Lord's Days 3 and 4."

Geelkerken het al in 1926 as verweer teen die klag wat teen hom gelê is oor sy siening van die eerste hoofstukke van Genesis by die Gereformeerde kerke van Nederland, soos Vorster beweer dat sy siening nie in stryd is met die gereformeerde belydenisskrifte nie, aangevoer: "Onze Belijdenisschriften zeggen omtrent deze gangbare exegese niets." (Kruger, 1991:216). Die kommissie van preadvies het egter nie met hom saamgestem nie en het hom opgeroep tot verantwoording oor die volgende verwysings uit die belydenisskrifte, deur te vra: "... hoe rijmt gij dan dit zeggen met de volgende uitdrukkingen in onze belijdenisschriften: 'gebod des levens', art. 14 Nederlandsche geloofsbelijdenis, 'welke al bevende zich met vijgebladeren bedekken wilde' art. 23 Nederlandsche geloofsbelijdenis, 'onze eerste voorouders Adam en Eva in het paradijs', Catechismus antwoord 7 en 'hetwelk God zelf eerst in het paradijs heeft geopenbaard', Catechismus antwoord 19?"

Greijdanus, een van die lede van die kommissie van preadvies tydens die Geelkerken-saak skryf as antwoord op Geelkerken se siening dat die gereformeerde belydenisskrifte wel deeglik daarvan uitgaan dat dit wat oor die skepping en sondeval

in die Bybel verhaal word, wel histories korrek is: “Velerlei bizonderheden in het verhaal van Genesis 2 en 3 worden daarin als historische feiten beleden. En maken zij ook geene melding van alles, wat uit Genesis 2 en 3 genoemd had kunnen worden, wat zij vermelden is toch zoo veelvuldig, en daaruit blijkt hunne opvatting van hetgeen Genesis 2 en 3 bevatten, zoo duidelijk, dat men niet in onzekerheid behoeft te verkeeren aangaande hetgeen die Belijdenisschriften uitspreken inzake de historische realiteit der gebeurtenissen, in Genesis 2 en 3 verhaald, en betreffende haar historisch verloop, en met betrekking tot onderscheiden onderdeelen van dat verhaal. Daaruit kan genoegzaam geweten worden, wat het ten aanzien van Genesis 2 en 3 insluit, wanneer we met art. 5 van onze Nederl. Geloofsbel. uitspreken te ‘gelooven zonder eenige twijfeling al wat daarin begrepen is’” (Kruger, 1991:216). Hieruit word bevestig dat die historisiteit van Genesis 2 en 3 ook in die oordeel van gereformeerde kerke elders direk in die belydenisskrifte aangespreek en bely word.

## 7. ‘Natuurwetenskaplike feite’ versus Genesis 1-3

Hoewel Vorster (2009:98) erken dat natuurwetenskaplike gegewens “nooit ’n bindende maatstaf vir Skrifverklaring” mag wees nie, motiveer hy sy keuse teen die geskiedkundige verstaan van die skepping- en sondevalberigte en vir ’n “teologiese” interpretasie van dit wat daarop staan, deur te sê dat “natuurwetenskaplike uitvindings klassieke histories-letterlike verklarings van Genesis 1-3 as agtergehaal bewys” (Vorster, 2009:96). Vorster beskuldig diegene wat Genesis 1-3 as geskiedenis verstaan (soos wat die Bybel ditself daar aandien) en uit hierdie skeppingsopenbaring na die wêreld kyk, dat hulle die wetenskap wil aanpas by die Bybel deur pseudo-wetenskaplike gegewens te gebruik. Dit gebruik hy as motivering om die omgekeerde te doen, naamlik om die Bybelgegewens by die sogenaamde moderne wetenskap aan te pas (Vorster, 2009:96-97). In die proses maak hy – ook wat natuurwetenskappe betref – aanvegbare stellings, soos om hom op ou idees te beroep dat mense nie almal van ’n eerste mensepaar afstam nie, terwyl die nuutste wetenskaplike bevindinge eerder daarop dui dat die mensdom geneties wel van een bloed afstam (Ham, Wieland & Batten, 2004:51-56). Ondanks die feit dat daar erkende natuurwetenskaplikes is wat Genesis 1-3 aanvaar soos wat die Bybel homself as geskiedenis aandien (vgl. Stoker, 2010:11-14), sê Vorster (2009:97) dat so ’n siening juis “die Bybel ongeloofbaar (maak), omdat dit die Bybel in konflik met bewese wetenskaplike feite bring”. Hy maak die benadering van diegene wat glo dat Genesis 1-3 wel as geskiedkundige stof verstaan moet word af deurdat hy na hulle verwys as mense wat die wetenskap sou geringskat as “louter teorie”.

Die natuurwetenskap is geensins so duidelik en eenstemmig soos die indruk wat Vorster wil skep nie. Koyoma (2002:63) erken byvoorbeeld die historisiteit van die weergawe van Genesis 1 en verder. Hy wys daarop dat met die koms van

wetenskaplike idees soos Einstein se relatiwiteitsteorie en Planck se kwantumteorie, die idee van ʼn skepping uit niks, wat die skepping van tyd en ruimte insluit, wetenskaplik aanvaarbaar geword het. Hierby moet onthou word dat wanneer die wetenskap vanuit die hede die verlede wil ekstrapoleer, niks werklik "duidelik bewys" kan word nie. Vir die wetenskap is daar bloot meer en minder geloofwaardige teorieë of modelle (Stoker, 2004:292-317). Nie een van ons was daar toe dinge wat ons vandag sien, ontstaan het nie. Om dan daarvan uit te gaan dat ʼn sekere wetenskaplike model voorrang bo die Bybelse weergawe (en hier spesifiek Genesis 1-3) moet kry wanneer ons die Bybel verklaar (Vorster, 2009:96-98), maak van spesifieke wetenskaplike teorieë die finale gesagsbron.

As selfs net een uitgawe van ʼn wetenskaplike tydskrif, soos *Scientific American*, oopgemaak word, is dit duidelik dat die wetenskap self nie die finale bron vir ons verstaan van die skepping en sondeval kan of wil wees nie. Weens die beperkte ruimte kan hier op slegs een voorbeeld gewys word. In volume 298 van dié tydskrif wys wetenskaplikes daarop dat entropie (die geneigdheid van geslote sisteme om al meer ongeorganiseerd te word) tans die siening dat die heelal ewe maklik vorentoe as agtertoe in tyd moet kan gaan beïnvloed. Dit het daarom ook ʼn invloed op wat fisici oor die ontstaan van die kosmos (Rennie, 2008:6) dink. Wong (2008:11-12) wys in sy artikel op die weersprekende verklarings ten opsigte van beendere wat opgegrawe en die vraag of dié beendere behoort aan ʼn voorganger van die mens of nie. Biello (2008:15-16) gaan in op die vraag hoe vinnig die mens – binne sy spesie – verander; terwyl die mensdom se genetiese kode van verskillende populasies grootliks dieselfde is. Sy waarnemings werp ʼn nuwe lig op die wetenskaplike debat oor die ontstaan van die mens. Carrol (2008:33) wys daarop dat die heelal nie reg lyk nie. Kosmoloë het dit al goed beskryf, maar daar bly onnatuurlike aspekte in die heelal, waarvan die belangrikste is dat tyd asimmetries is. Die heelal kan nie ʼn geslote sisteem wees wat uit homself verklaarbaar is nie, want dit was eers warm, dig, homogeen en ordelik, heeltemal anders as nou, waar dit koel en meer en meer onordelik is. Volgens Zimmer (2008:48) is daar nog nie uitsluitsel gekry oor wat presies onder die begrip *spesie* bedoel word nie, aangesien die debat steeds voortgaan.

Comfort (2001:24) wys daarop dat wetenskaplikes erken dat Genesis baie naby aan die waarheid is. Hy haal uit die tydskrif *Time* aan waar ook gewys word hoe naby dit wat in Genesis staan ooreenkom met dit wat die wetenskap vandag bevind. Hy sê dat die wetenskap voortdurend verander. Baie "feite" wat honderd jaar gelede geglo is, word vandag nie meer aanvaar nie. Dieselfde sal gebeur met baie van die feite wat vandag aanvaar word (Comfort, 2007:74).

ʼn Verdere argument wat Vorster (2009:98) inbring teen diegene wat Genesis 1-3 as Bybelse geskiedenis aanvaar, is dat ʼn mens dan ook die geosentriese siening van die heelal wat daarin sou voorkom moet aanvaar: "Die implikasie van ʼn histories-

letterlike benadering is dat die geosentriese wêreldbeeld wat in Genesis 1:6-8 en die res van die Skrif voorkom noodwendig as waar en normatief bindend beskou moet word.” Hier vind ’n denksprong in Vorster se argumentasielyn plaas. As iemand vandag byvoorbeeld sou sê dat iets met sonsopkoms gebeur het, sou ons nie daarvan kon aflei dat hy glo die aarde staan stil en dat die son oor die aarde beweeg, en dat ons daarom nie dit wat hy beskryf met sonsopkoms gebeur het, as geskiedkundig kan beskou nie, maar dit moet sien as selfuitgedink omdat sy wetenskaplike taalgebruik nie korrek sou wees nie. Selfs die moderne mens praat steeds “geosentries” (“net toe die son opgekom het”, “die sonsondergang was asemrowend”, ens.) wanneer van dinge wat werklik gebeur het verhaal word. Die alledaagse woordgebruik wat in die Bybel voorkom, maak nie van die Bybel ’n nie-historiese geskrif van “teologiese stof” met “natuurwetenskaplike opvattings van die tyd” wat as gelykenis ’n “profetiese en polemiese gerigtheid” het nie. Die Bybel gebruik wel gewone taal om die geskiedenis te beskryf, maar dit maak nie daarvan iets onhistories nie.

## 8. Ten slotte: verkeerde vrae gee verkeerde antwoorde

Die wyse waarop Vorster geloofwaardigheid aan sy siening wil gee, is deur spesifieke vrae aan die teks te vra. Sy veronderstelling is dat die eerste hoofstukke van Genesis polemies van aard is (vandaar dan ook die eerste deel van die titel van sy artikel: Die teologies-polemiese gerigtheid van Genesis 1-3 – Vorster, 2009:95). Deur die vrae wat hy aan die teks vra – vrae wat nie direk uit die teks self na vore kom nie – maak hy veronderstellings oor dit waarna die teks verwys. Met die vrae wat hy stel vanuit sy siening dat die teks polemies van aard is, kom hy by antwoorde uit waartoe die teks hom nie self sou bring nie. Ankerberg en Weldon (2005:72) wys met reg daarop dat regverdige navorsing oor historiese gegewens “poog om objektief en redelik te wees, om regverdig te wees en ongeoorloofde spekulasie tot die minimum te beperk, en om nie toe te laat dat onregverdige voorveronderstellings gevolgtrekkings besoedel nie”.

Hoewel dit tipies van wetenskapsvorming is om vrae te vra op grond van teorieë wat ons daarstel, moet die resultaat van die vrae die teorieë verifieer of falsifieer. Daar kan nie voorgegee word dat dit wat die teks vir ons gee antwoorde is op vrae waarvoor daar geen bewys is dat dit in die tyd waarin die teks na bewering saamgestel is, gevra is nie. Dit is eerder inlegkunde wanneer dit wat verhaal word, op dié manier as antwoorde beskryf word, en so aan die konteks van dit wat daar staan verander word. So word die getrouheid van die geskiedenis wat in die eerste hoofstukke van die Bybel beskryf word, in diskrediet gebring word.

## Bibliografie

ANKERBERG, J. & WELDON, J. 2005. *Die feite oor hoekom jy die Bybel kan glo.* Vereeniging: CUM.

BARTH, K. 1958. *The doctrine of creation: Church Dogmatics 3,1*. Edinburgh: Clark.

BERKHOF, H. 1986. *Christian faith.* Grand Rapids: Eerdmans.

BLOCK, D.I. 2003. Tell me the old, old Story: preaching the message of Old Testament narrative. In: Howard, D. M. & Grisanti, M. A. (Eds), *Giving the sense: understanding and using Old Testament historical texts:* pp. 409-439. Grand Rapids, MI: Kregel.

BIELLO, D. 2008. Evolution: Need for speed? *Scientific American:* 298(6): 15-16, Jun.

CARROL, S.M. 2008. The cosmic origins of time's arrow. *Scientific American:* 298(6): 26-33, Jun.

COMFORT, R. 2007. *How to know God exists.* Alachua, FL: Bridge Logos

COMFORT, R. 2001. *Scientific facts in the Bible.* Alachua, FL: Bridge Logos

COETZEE, J.C., DE KLERK, B.J., FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig*, 14(54): 12-36, Jun.

DILLARD, R.B. & LONGMAN, T. III. 2000. *Inleiding op het Oude Testament.* Heerenveen: Groen.

DU TOIT, S. 1971. *Ou Testament en Ou Ooste: 'n Bybels-argeologiese studie.* Potchefstroom: Pro Rege.

ENGELSMA, D.J. 2009. Genesis 1-11: Myth or History. Jennison, MI: Protestant Reformede Churches in America. http://www.prca.org/pamphlets/pamphlet_84.html [Date of access: 11 Sept. 2010.]

ENNS, P. 2005. *Inspiration and incarnation: evangelicals and the problem of the Old Testament.* Grand Rapids, MI: Baker.

FLOOR, L. 1986. Op soek na die regte sleutel. Potchefstroom: Ongepubliseerd.

FRAME, J.M. 2008. Review of Peter Enns, Inspiration and Incarnation. http://www.frame-poythress.org/frame_articles/2008Enns.htm. [Datum van toegang: 11 Sept. 2010]

HABERMAS, G.R. & LICONA, M. 2004. *The case for the resurrection of Jesus.* Grand Rapids, MI: Kregel.

HAM, K. & TAYLOR, P. 1996. *The Genesis solution.* Grand Rapids, MI: Baker.

HAM, K., WIELAND, C. & BATTEN, D. 2004. *One blood.* Green Forest, AR: Master.

HAMILTON, V.P. 1990. *The Book of Genesis: Chapters1-17.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. New International Commentary on the Old Testament Series.

HILL, A.E. 2000. Introduction to the Pentateuch. In: Hill, E.A. & Walton, J. H. (Eds), *A survey of the Old Testament:* pp. 47-62. Grand Rapids, MI: Zondervan.

HELBERG, J.L. 1980. *Die Here regeer: Openbaringslyn deur die Ou Testament.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

JONES, P. 1998. *Spirit Wars: Pagan revival in Christian America.* Mukilteo, WA: WinePress.

JONKER, W. A. s.j. *Hoe gebruik ek die Bybel?* Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

KAISER, W.C. 1981. *Toward an exegetical theology: Biblical exegesis for preaching and teaching.* Grand Rapids, MI: Baker.

KAISER, W.C. 2007a. The meaning of meaning. In: Kaiser, W.C. & Silva, M. (Eds), *Introduction to Biblical hermeneutics: the search for meaning:* pp. 29-47. Grand Rapids, MI: Zondervan.

KAISER, W.C. 2007b. How do the parts fit the whole? The tool of Biblical Theology. (In: Kaiser, W.C. & Silva, M. (Eds), *Introduction to Biblical hermeneutics: the search for meaning:* pp. 67-82. Grand Rapids, MI: Zondervan.

KIDNER, D. 1981. *Genesis.* Leicester: Inter-Varsity Press. Tyndale Old Testament Commentaries.

KOYAMA, K. 2002. Creation, space and time. *Swedish Missiological Themes*, 90(1): 63-68. http://www/teol.uu.se 6155_smt1_02.pdf [Date of access: 11 Sept. 2010.]

KRUGER, G.L. 1991. *Die kontroverse tussen dr. J.G. Geelkerken en die Gereformeerde Kerke in Nederland: 23 Maart 1924 - 17 Maart 1926.* Potchefstroom: PU vir CHO. Th.M.-verhandeling.

KUITERT, H.M. 1972. Waarheid en verificatie in de Dogmatiek. *Rondom het Woord,* 14(2): 97-131.

LION-CACHET, F.N. 1989. *So het dit begin.* Potchefstroom: PU vir CHO

LLOYD-JONES, D.M. 1981. *Studies in the Sermon on the Mount.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

LLOYD-JONES, D.M. 1984. *Authority.* Edinburgh: Banner of Truth Trust.

LONGMAN, T. 2005. *How to read Genesis.* Downers Grove, IL: IVP Academic.

MCDOWELL, J. 2005. *Bewyse van die Christelike geloof.* Vereeniging: CUM.

PAUL, M.J., VAN DEN BRINK, G. & BETTE, J.C. 2004. *Bijblecommentaar Genesis/Exodus.* Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek. (Studiebijbel Oude Testament, 1.)

POWELL, D. 2006. *Guide to Christian apologetics.* Nashville, TN: Holman.

RAD, G. von. 1972. *Genesis: a commentary.* London: SCM.

RENNIE, J. 2008. Escaping from Time. *Scientific American,* 298(6): 6, Jun.

STOKER, P.H. 2004. Skepping en evolusie: ’n Filosofiese besinning oor tyd, ruimte en materie. De Boer, E.A. & d’Assonville, V.E. (Reds), *Ad Fontes.* Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. pp. *Acta Theologica Supplementum*, 5: pp. 292-317.

STOKER, P.H. 2010. Evolusie in die lig van die Woord van God. *Waarheid en Dwaling:* 15:11-14, Jun.

VORSTER, N. 2007. Gen. 2-3: Buite Eden, anderkant Paasfees: Preek gelewer op 5 Augustus 2007 te Gereformeerde Kerk Bultfontein. Webtuiste GK Bultfontein. http://www.gkbult.co.za/main/Data/05-08-2007_Gen2-3_Buite_Eden anderkant _Paasfees D 1533.asp [Datum van gebruik: 11 Sept. 2010.]

VORSTER, N. 2009. Die teologies-polemiese gerigtheid van Genesis 1-3: Implikasies vir die gereformeerde leer oor die erfsonde. *In die Skriflig,* 43(1): 95-117.

WALTON, J.H. 2000. Genesis. In: Hill, E.A. & Walton, J. H. (Eds), *A survey of the Old Testament:* pp. 63-80. Grand Rapids, MI: Zondervan.

WALTON, J.H. 2001. *The NIV Application Commentary: Genesis.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

WENHAM, G.J. 1987. *Genesis 1-15.* Waco, TX: Word Books. Word Biblical Commentary, 1.

WONG, K. 2008. Hobit Hullabaloo. *Scientific American,* 298(6): 11-12, Jun.

ZIMMER, C. 2008. What is a Specie? *Scientific American,* 298(6): 48-55, Jun.